

**Donderdag 7 April**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4:1-11; HK Sondag 10, Vraag 27**

**Fokusgedeelte: Openbaring 4:2**

### **God regeer oor alles**

In die boek Openbaring word die verloop van sake in die kerk en die wêreld deur die eeue heen aan ons voorgehou – veral die dinge wat aan die einde, kort voor die wederkoms van Christus, sal plaasvind. Watter verskriklike dinge word daar nie aan ons voorgehou nie! Ons hoor van dood en verwoesting; van bloed wat tot aan die tooms van die perde geraak het (14:20); van vuur en rook en swawel wat ’n derde van die mense doodmaak (9:18). Ons hoor van die groot vervolging en boikot van die gelowiges – hulle wat die merkteken van die Antichris nie sal dra nie. Hoe verskriklik dit sal wees, lees ons in Openbaring 9:6: *“In daardie tyd sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal hulle ontwyk.”*

Vir Johannes was die dinge wat aan hom geopenbaar is, onverklaarbaar. Telkens soek hy na ’n verklaring van die simboliek, na ’n ontrafeling van die geheimenisse. Hy kon dit egter self nie verklaar en ontken nie. Ook vir ons lyk die dinge wat daagliks rondom ons plaasvind, dikwels so sinloos, so sonder plan en doel.

Johannes het egter een gesig gesien wat vir hom en vir ons van die allergrootste belang is. Hy sê: *“Ek het gesien daar staan ’n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand”* (4:2). Die troon wat hy sien, is die troon van ’n koning. Uit wat verder aan ons meegedeel word, is dit duidelik dat dit ’n koning is wat daarop sit. Dit is die Koning van die konings en die Here van alle here. Dit is die Here God, die Almagtige wat op die troon sit en daarvandaan alle dinge op die aarde en die heelal regeer en stuur en lei. Al die skynbaar onverklaarbare dinge waarvan ons verder lees, staan onder die regering en beskikking van Hom wat op die troon sit.

Hoewel alles op aarde soms so onrustig en wanordelik lyk, sit God in volmaakte rus op sy troon en regeer Hy alle dinge volgens sy raadsplan. As almagtige God laat Hy dinge so verloop dat sy plan verwesenlik en sy doel bereik word. Dit is wat met die voorsienigheid van God bedoel word.

In die lig hiervan word die gebruik om van God as “die Voorsienigheid” te praat, afgewys omdat dit ’n vae term is wat, net soos die naam Opperwese, ook soms vir ander gode gebruik word. Bowendien word ’n deug van God dan tot ’n naam vir Hom verhef sonder dat die Skrif enige grond daarvoor bied.